

27 Maart

**Skrifgedeelte: Jeremia 37 en 38
Fokusgedeelte: Jeremia 38:1-13**

In die gevangenis

Toe die owerstes hoor wat Jeremia verkondig wou hulle hom om die lewe bring. Hulle het hom gevange geneem en voor die koning gebring met die klag dat hy die volk in beroering bring en nie vrede nie, maar onrus soek. Die koning gee hom toe oor in die hande van die leiers om met hom te maak soos hulle goeddink. Hulle het hom geslaan en in die gevangenis gesit (Jer 37:15). Laat dit jou nie dink aan die leiers van die Jode wat Jesus voor Pilatus gebring het met die klag dat Hy die volk opstook nie? Net soos koning Jojakim met Jeremia gemaak het, gee Pilatus Jesus aan die leiers oor om met Hom te handel soos hulle goeddink. Jeremia beland in 'n put waar die dood sy metgesel is (Jer 38:9). Jesus waarsku sy dissipels dat hulle vervolgt sal word, gevange geneem en in die sinagoges gezesel sal word, want so het hulle met die profete voor hulle gedoen. Hyself is geslaan en 'n doringkroon is op sy kop gesit. Waarom sal dit vandag met ons anders gaan as dit met die profete, dissipels en met ons Koning Jesus Christus so gegaan het? Moet dus nie verwag dat dit met jou as kind van die Here (en nog meer, as ywerige dienskneg in die diens van die Here) altyd goed en regverdig sal gaan nie. Jy as gelowige sal verdruk, beveg, bespot en vervolgt word ter wille van jou geloof, maar laat Psalm 34:20 vir jou 'n troos wees: "Menigvuldig is die teenspoede van die regverdige, maar uit almal red die Here hom."

Sing: Psalm 38:1

Ds DL de Beer (Emeritus)